*Schoeman, HP & Ferreira, SB*

# REGVERDIGING VIR 'N EKOLOGIESE BENADERING TOT GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS[4]

*Dr HP Schoeman en dr SB Ferreira van die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein*

*An analysis of violence against women in cohabiting and marital relationships is undertalem from an ecological perspective, in order to tune in scientifically founded social work service rendering to the phenomenon. A linear approach to violence has been replaced with a more comprehensive, holistic perspective, which brings about an assessment of social problems and needs in interactional terms, namely that violence is a result of maladjustment in the person and environment relationship. The phenomenon is approached as a symptom of dysfunctioning in the ecological system and as a result of the mutually influencing interactional processes that take place between the individual system and the ecological context. A variety of multifactoral, circular causal factors are identified by analysing four levels of the ecological system, namely the individual level, the family level, social structural level and the socio-cultural level, but also of the levels' mutual influence upon one another. Based on the analysis, holistic, integrated and circular service rendering with reference to the phenomenon can be maintained.*

Geweld in die vorm van gewapende roof, motorkapings, verkragting en aanranding is 'n sosiale verskynsel wat tans prominent is in Suid-Afrika. Geen amptelike statistiek is in Suid-Afrika beskikbaar oor die voorkoms van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings nie (Wood, Maforah & Jewkes 1996:11-12 en Sentrale Statistiekdiens:1997[5]). In 'n plaaslike publikasie skryf Angless en Shefer (1995:305) dat die beraamde voorkomssyfer van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhouding een-uit-drie (dus ongeveer 33.3%) in die geval van Suid-Afrikaanse vroue is, terwyl Fredericks en Davids (1995:472) van mening is dat dié verskynsel plaaslik, net soos in vele ander lande, *"... one of the most underestimated and underreported crimes"* is. Boonop is sowel die frekwensie as die intensiteit van die verskynsel plaaslik aan die toeneem (Beijing Conference Report 1994:44) en minstens een vrou word elke ses dae in Suid-Afrika vermoor word deur haar manlike verhoudingsmaat (Shaik & Park 1997:6)[6].

Wat die probleem verder kompliseer, is die effek wat die geweld van 'n man teenoor sy vrou of verhoudingsmaat openbaar, op die kinders in hulle gesin het. So byvoorbeeld is Martin, Cotten, Browne, Kurtz en Robertson (1995:400) van mening dat sodanige kinders die risiko loop om gedrags- en emosionele probleme te ontwikkel. Hulle toon 'n hoë frekwensie van geëksternaliseerde gedragsprobleme (byvoorbeeld aggressie, ongehoorsaamheid, misdadigheid en gebrekkige sosiale

4 Die finansiële ondersteuning van die *National Research Foundation*, (*NRF*, Suid-Afrika) ten opsigte van hierdie navorsing, word hiermee erken. Menings uitgedruk en gevolgtrekkings waartoe geraak word is dié van die outeurs en kan nie noodwendig toegeskryf word aan die *National Research Foundation* nie.

5 Die Sentrale Statistiekdiens beskik oor inligting ten opsigte van verhore en skuldigbevindings waar aanranding en aanranding met die doel om liggaamlike leed aan te doen, voorkom. Hierdie statistiek word getabuleer na aanleiding van voorkoms per bevolkingsgroepering (ras), maar nie ten opsigte van geslag nie. Dit is derhalwe onmoontlik om die getal aanrandings wat teen vroue gepleeg word, en in besonder teenoor getroude vroue of vroue in saamwoonverhoudings, te bepaal. Die getalle wat wel aangeteken word, sluit ook nie voorvalle van verkragting binne die huwelik in nie.

6 Vgl. ook die studie van Vetten (1994:2) waarin aangedui word dat 251 moorde op vroue deur hulle manlike verhoudingsmaats in saamwoon- en huweliksverhoudings, gedurende 1993 en 1994 in Gauteng plaasgevind het.



CamScanner

bevoegdheid), asook geïnternaliseerde gedragsprobleme (byvoorbeeld onttrekking, angs, stres, depressiewe simptomatologie en somatiese klagtes). Nie alleen word die kinders indirek geaffekteer deur die geweld teenoor hul moeder nie, maar Martin *et al.* (1995:401) en Aron en Olson (1997:5) verwys daarna dat kinders wat geweld tussen ouers aanskou, meesal self ook slagoffers is van geweld binne gesinsverband. Kinders wat sowel die moeder se mishandeling aanskou as self mishandeling ervaar, vertoon die grootste hoeveelheid en die mees intense vorme van gedrags-, emosionele en kognitiewe probleme (Aron & Olson 1997:5).

Behalwe die problematiek wat hierdie kinders gedurende hul kinderjare openbaar, waarsku Martin *et al.* (1995:401) dat hulle as volwassenes ook geneig is om in gewelddadige huweliksverhoudings betrokke te raak, terwyl Henning, Leitenberg, Coffey, Turner en Bennett (1996:36-37) beweer dat diegene meer geneig sal wees om later self fisiese geweld te benut in hulle volwasse verhoudings. Hieruit blyk dus 'n tendens van residivisme waar geweld as't ware verdere geweld kweek deurdat slagoffers van geweld by herhaling in gewelddadige verhoudings betrokke raak.

As 'n professie wat sigself by uitstek besig hou met menseverhoudings en die ontwikkeling van die lewenskwaliteit van mense, is Maatskaplike Werk een van die professies wat aan die verskynsel moet aandag skenk. Tereg word die noodsaak daarvan dat maatskaplikewerkbeleid en -programme saamgestel word wat geslagsensitief is en aandag skenk aan die spesifieke behoeftes en probleme van vroue, beklemtoon in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1996:12).

Geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, is egter 'n komplekse probleem wat die resultaat is van 'n verskeidenheid aanleidende en instandhoudende faktore (Carlson 1984:570). Die verskynsel kan derhalwe nie simplisties verklaar word deur alleen te fokus op persoonlikheidseienskappe van beide die geweldenaar en die slagoffer nie, ook nie deur bloot die interaksiepatrone binne die gesinsisteme te ontleed nie en ook nie voldoende, deur 'n analise van die breër sosiale sfeer waarbinne dit voorkom nie (Carlson 1984:570; Van der Hoven 1992:77-82).

Hier word die ekologiese model van menslike ontwikkeling wat deur Bronfenbrenner (1977:513-531) ontwikkel is, ter wille van 'n holistiese analise op geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings toegepas. Die sentrale uitgangspunt is dat 'n veelheid faktore op verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem bydra tot die ontwikkeling en instandhouding van sodanige geweld, dat hierdie faktore mekaar deur middel van 'n sikliese proses wedersyds beïnvloed en dat die wedersydse beïnvloedingsprosesse implikasies het vir maatskaplikewerkhulpverlening ten opsigte van die verskynsel.

## 1. KONSEPTUALISERING

Ten einde te verseker dat eenvormige interpretasies geheg word aan konsepte wat benut word, word die volgende begrippe toegelig.

### 1.1 Geweld

Die term *geweld* word na aanleiding van Straus (1991:135) en Van der Hoven (1992:78) se omskrywings benut om te verwys na enige gedragsvorm (insluitend waarneembare gedrag, maar ook subtiele sinspelings of manipulerende nuanses) wat daarop gemik is, of wat die potensiaal het om vir 'n ander persoon fisiese en/of emosionele leed (insluitend fisiese beserings, maar ook emosionele resultate soos byvoorbeeld vrees of skuldgevoelens) te berokken.

### 1.2 Geweldenaar

Volgens die HAT (1981) verwys geweldenaar na "[i]emand wat geweld pleeg". Hier word die term benut om te verwys na 'n man wat geweld teenoor 'n vrou pleeg binne 'n saamwoon- of huweliksverhouding.



CamScanner

### 1.3 Saamwoon- en huweliksverhouding

Na aanleiding van die omskrywing in die Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998), word die term *saamwoon- en huweliksverhouding* benut om te verwys na die verbintenis tussen 'n man en 'n vrou wat met mekaar volgens enige regstelsel of gebruik getroud is of was en ook 'n man en 'n vrou wat gewoonlik as man en vrou saamwoon of saamgewoon het, hoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie.

### 1.4 Vrouemishandeling/mishandelde vrou

Die konsep *mishandelde vrou* word na aanleiding van Ferraro en Johnson (1983:327) en Lamb en Keon (1995:209) benut as verwysend na die vroulike slagoffer van 'n manlike verhoudingsmaat, waar die verhouding gekenmerk word deur die herhaaldelike voorkoms van geweld deur die man. *Vrouemishandeling* word in ooreenstemming met Van der Hoven (1992:78) benut as verwysend na herhaaldelike geweld teenoor 'n vrou deur 'n man met wie sy in 'n saamwoon- of huweliksverhouding is. Die term *mishandelde vrou* verwys derhalwe na die resultaat van *vrouemishandeling*.

## 2. KONSEPTUELE RAAMWERKE VIR DIE BESTUDERING VAN GEWELD TEENOOR VROUE IN SAAMWOON- EN HUWELIKSVERHOUDINGS

Ten einde hier 'n saak uit te maak vir die benutting van die ekologiese benadering as konseptuele raamwerk, word oorsigtelik aandag geskenk aan enkele nie-ekologiese konseptuele raamwerke vir die bestudering van geweld teenoor vroue. Slegs hoofstrominge van enkele raamwerke word uitgestip en die bespreking behoort beskou te word as 'n kort oorsig van verskeie perspektiewe wat elk as't ware 'n studie op sigself regverdig. Hierdie konseptuele raamwerke word breedweg in drie kategorieë verdeel, te wete *psigopatologiese*, *gesinsistemiese* en *maatskaplike perspektiewe*.

**Psigopatologiese perspektiewe** verwys na verklaringsparadigmas wat die fokus plaas op persoonlikheidseienskappe (NiCarthy 1984:11), -funksionering (Van der Hoven 1992:80), -patologieë (Pence 1984:477-478; Van der Hoven 1992:78) en kognitiewe prosesse (Sommers & Baskin 1993:137) van sowel die slagoffer as die geweldenaar. Die implikasie is dus dat daar 'n duidelike oorsaak-gevolg verhouding bestaan ten opsigte van die psigopatologieë by individue, wat geweld *veroorsaak* en in stand hou binne verhoudings.

Die leemte in die psigologiese verklarings vir vrouemishandeling, is dat die konteks waarbinne die patologie manifesteer en die interaksionele prosesse wat daarmee gepaardgaan, nie verreken word nie. Ook word die slagoffer van die geweld, volgens sommige teorieë, die skuld gegee vir die totstandkoming en instandhouding van die geweld op grond van beweringe van aangeleerde gedrag, gebrekkige kognitiewe prosesse en persoonlikheidspatologieë. Sy sou dus as't ware as dubbel-geviktimiseer beskou kan word, nie alleen as 'n resultaat van die viktimisering deur die geweldenaar nie, maar ook deur persone en instansies wat sodanige individueel-deterministiese sienings handhaaf. In 'n poging om 'n verskynsel so kompleks soos geweld teenoor vroue te probeer verken en te beskryf, bied psigopatologiese verklarings derhalwe nie 'n bevredigende antwoord nie, juis weens die engheid van die fokus daarvan.

Verklaringsteorieë wat fokus op die interaksie, dinamika, funksionering en struktuur van die verhouding waarbinne die geweld plaasvind, word as **gesinsistemiese perspektiewe** gekategoriseer. *Interaksionele en sisteemteoretiese verklarings* word deur Van der Hoven (1992:79) beskryf, waar die fokus op die gesinsisteem geplaas en aandag geskenk word aan die gesinsverhoudings, -interaksie, -kommunikasie en -reëls wat 'n geweldsiklus in stand hou. Die geweldgekenmerkde verhouding word dus bestempel as 'n probleem van die egpaar en nie as die *skuld* van slegs een, of beide die partye nie. Die geweld vervul 'n funksie deurdat dit aangewend word om 'n balans tussen intimiteit en outonomie in die verhouding te handhaaf (Russell 1988:195; Van der Hoven 1992:79). Ook die *oordrag* van unieke interaksiepatrone *vanuit* die *gesinne-van-oorsprong* van die betrokkenes, word as 'n moontlike verklaring vir die ontstaan



CamScanner

en instandhouding van geweld binne saamwoon- en huweliksverhoudings aangebied (Bennett, 1995:765). Hierdie patrone word van een generasie na 'n volgende oorgedra deur die herhaling van transaksionele patrone oor generasiegrense heen.

Die fokus word dus nie geplaas op persoonlikheidseienskappe en -patologieë wat teenwoordig is by die betrokkenes nie, maar op die interaksieproses en -patrone binne die verhouding. Voorts is die fokus op die ontleding van die prosesse tussen die betrokkenes, eerder as op oorsake en gevolge by die betrokkenes self. Geweld word beskou as 'n simptoom van problematiek wat in die verhoudingstruktuur gesetel is en hierdie simptoom het 'n funksie vir die verhouding, deurdat dit 'n besonderse stabiliteit in die verhouding teweeg bring. Die waarde van gesinsistemiese perspektiewe lê daarin dat nie die persoonlikheidseienskappe van die betrokkenes nie, maar hulle interaksie- en kommunikasiepatrone, asook die unieke dinamika en struktuur van die huidige geweldgekenmerkde verhouding, ontleed word. Hierdie ontleding vind plaas met inagneming ook van moontlike patrone wat vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, multigeneratief oorgedra is. 'n Leemte is waarskynlik dat, behalwe vir die moontlike invloed van die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong, die invloed van die heersende strukture en waardeoriëntasies van die breër konteks waarbinne die verhouding gesetel is, moontlik uit die oog verloor kan word.

Die term **maatskaplike perspektiewe** word benut om te verwys na perspektiewe wat die klem plaas op maatskaplike omstandighede, strukture en ideologieë wat verder strek as bloot die individu en die gesin waarvan hy / sy deel vorm. Voorbeelde van sodanige paradigmas is die *"structural theory of intrafamily violence"* (Carlson 1984:576) met die klem op die ongelyke verspreiding van omgewingsbronne tussen verskillende maatskaplike groeperings en die geneigdheid tot en soeke na *materialisme* (Jones 1987:19), waarvolgens ekonomiese vooruitgang afhang van vooruitgang in wetenskaplike en tegnologiese kennis, met die *gevolg* dat gewelddadige omgewingsmanipulering, gelegitimeer word. 'n Soortgelyke uitgangspunt word deur Straus (1991:137) gehuldig in sy *"Cultural Spillover Theory"*, naamlik dat geweld in een sfeer van die samelewing, geweld kweek in ander sfere en dat *"... this carry-over process transcends the bounds between legitimate and criminal use of force."*

Twee perspektiewe wat deur Johnson (1995:283-284) vermeld word, is die *"family violence perspective"* en 'n *feministiese perspektief*. Eersgenoemde stel dat stres en die samelewing se aanvaarding van geweld binne die gesinskonteks, ontwikkeling en instandhouding van gesinsgeweld tot *gevolg* het, terwyl die feministiese perspektief verwys na magsongelykhede tussen die geslagte waarvolgens die patriargale stelsel en die magsposisie van mans oor vroue tydens die sosialiseringsproses by kinders vasgelê word. Aansluitend noem Johnson (1995:284) en Carlson (1997:82) historiese tradisies, byvoorbeeld die patriargale gesinstelsel, seksisme, geslagsrolstereotipering, geslagsrolmites, kontemporêre konstrukte oor manlikheid en vroulikheid, kapitalisme en gebreke in dienslewerende strukture (maatskaplikewerkinstansies, die polisiediens en geregshowe) as faktore wat dit vir mishandelde vroue bykans onmoontlik maak om van die gewelddadige verhouding te ontsnap en wat dus geweld teenoor vroue help vorm en in stand hou.

Die voordeel verbonde aan dié perspektiewe, is gesetel in die feit dat breër gefokus word as bloot op die psigopatologie van die betrokkenes en dat vermeend aanleidende faktore op 'n breër vlak gesoek word as wanneer primêr gefokus word op die interaksiepatrone en die dinamika in die gewelddadige verhouding. 'n Leemte lê egter daarin dat die maatskaplike konteks waarbinne die geweld plaasvind, bykans verabsoluteer word en dat op geen wyse aandag geskenk word aan die interaksie tussen die heersende maatskaplike omstandighede, die dinamika in die gewelddadige verhouding en die pesoonlikheidseienskappe van die betrokke individue nie.

Al die genoemde pogings om geweld teenoor vroue te beskryf, het derhalwe een aspek in gemeen, naamlik dat primêr gefokus word op liniêre oorsaak-gevolg verhoudings, sonder om die interaksionele komponent ten opsigte van die verskillende verklarings in ag te neem. Ook word die interaksie tussen



CamScanner

die mens en sy omgewing nie deurlopend in ag geneem nie en word die gevaar geloop dat die mens en omgewing nie as geïntegreerde sisteem erken word nie. Geensins word die waarde van die verklarings ontken nie, maar 'n komplekse verskynsel soos geweld teenoor vroue, sal waarskynlik alleen holisties verken en beskryf kan word, as ook die interaksionele komponent van die mens in sy ekologie verreken word.

Daarom word die ekologiese benadering hier as konseptuele raamwerk aanbeveel, want *"[f]rom a holistic view, people (and their biological, emotional, and social processes) and physical and social environments (and the characteristics of those environments) can be fully understood only in the context of the relationship between and among them, in which individuals, families, and groups and physical/social environments continually influence the operations of the other"* (Germain & Gitterman 1995:6). Die ekologiese benadering is derhalwe meer betrokke by *resultate*, as by oorsake; by *wat aan die gang is*, eerder as waarom dit aan die gang is en by *wat kan verander word*, eerder as wie verander kan word.

## 3. DIE EKOLOGIESE BENADERING

Die klem wat vanuit 'n ekologiese benadering op die interaksie tussen 'n verskeidenheid faktore wat mekaar wedersyds beïnvloed geplaas word, herinner aan die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy (1968) en daarom skryf Germain (1979:7) in die inleiding van een van die eerste publikasies oor die ekologiese benadering, dat *"[e]cology is a form of general systems theory ..."*. Aangesien hier nie gepoog word om 'n maatskaplikewerkhulpverleningsprogram ten opsigte van geweld teenoor vroue te formuleer nie, word nie in-diepte aandag geskenk aan die sogenaamde sisteemgesentreerde maatskaplikewerkhulpverlening (Rodway 1986:518-533) of aan die *"Life Model Approach of Social Work Practice"* (Germain & Gitterman 1995:25-60), wat op die ekologiese benadering gegrond is nie. Die basiese uitgangspunte van die ekologiese benadering word uiteengesit, ten einde die ekologiese ontledingsvlakke vir faktore wat vermeend aanleiding gee tot die ontstaan en instandhouding van geweld teenoor vroue (Carlson 1984:751), teoreties te begrond.

### 3.1 Begronding van die ekologiese benadering

Klem word deur Pardeck (1996:191-194) gelê op vier konsepte wat van kardinale belang is om die ekologiese benadering te begrond, te wete *transaksie*, *gedragskonteks*, *ekosisteem* en *gesondheid versus individuele patologie*.

#### *3.1.1 Transaksie*

Sisteemteoretiese konsepte word deur Hillery (1972:93) gebruik om menslike ekologie te beskryf as 'n benadering waarin die klem is op die interaksieprosesse tussen sisteme, terwyl deurlopend na ekwilibrium gestreef word. Tydens hierdie interaksieproses, word die vereiste gestel dat die mens 'n *"goodness-of-fit"* verhouding met die omgewing moet handhaaf. As die mens nie genoegsaam met die omgewing in interaksie is nie (insette, stimuli, inligting, energie en bronne ontvang en lewer), sal sy biologiese, kognitiewe, emosionele en maatskaplike ontwikkeling versteur en sy funksionering gestrem wees. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die omgewing, naamlik dat as die mens op 'n destruktiewe wyse met sy omgewing in interaksie is, word die omgewing beskadig en sal alles wat binne die omgewing funksioneer (individue, gesinne, groepe, gemeenskappe), benadeel word (Germain & Gitterman 1980:5-6). Tereg beweer Freeman (1984:287) dat die ekologiese benadering juis streef om die aanpassingseienskappe van individue in hulle interaksie met hul omgewings te bevorder en om 'n meer gepaste skakeling tussen die individu se behoeftes en dié van omgewing te bewerkstellig. Aansluitend som Delport (1984:23) die ekologiese benadering op deur daarna te verwys dat die mens en sy omgewing as 'n geïntegreerde sisteem beskou word waarin voortdurende wedersydse skawing en aanpassing plaasvind en waarby dan weer aangepas moet word, terwyl Hoffmann (1987:230) beweer dat menslike ekologie beteken om die mens binne die evolusionêre, ekologiese en maatskaplike geheel te beskou, terwyl die klem op die wedersydse interaksieprosesse val.


'n Voortdurende interaksieproses bestaan dus tussen die individu en sy omgewing, waardeur wedersydse beïnvloeding ten opsigte van mekaar plaasvind. Ook bestaan 'n wedersydse verantwoordelikheid waarskynlik tussen die individu en sy omgewing, aangesien destruktiewe transaksies sowel individuele as maatskaplike disfunksionering as resultaat sal hê.

Die waarde van die ekologiese benadering vir die maatskaplikewerkprofessie, lê volgens Germain en Gitterman (1995:7) juis primêr opgesluit in hierdie wegbeweging van 'n liniêre kousaliteitsraamwerk, na 'n meer sirkulêre fokus in die beskrywing en verklaring van 'n fenomeen. Die liniêre benadering gaan van die veronderstelling uit dat 'n veranderlike (A), 'n effek het op B op 'n bepaalde tydstip, terwyl A onveranderd bly. 'n Deterministiese siening word derhalwe gehandhaaf, naamlik dat as A 'n gegewene is, B die noodwendige *gevolg* daarvan is. Genoemde skrywers gee toe dat eenvoudige menslike verskynsels waarskynlik so verduidelik kan word, maar dat ekologiese denke meer komplekse verskynsels soos wat in die generiese maatskaplikewerkpraktyk aangetref word, verklaar. Ekologiese denke beklemtoon dat as A 'n gegewene is, voorspelbare *gevolge* vir B nie noodwendig *hoef* te volg nie, aangesien die mens kompleks, en dus nie voorspelbaar is nie. Selfs meer belangrik, is die beskouing dat A en B in 'n resiprokale verhouding, eerder as 'n liniêre verhouding tot mekaar staan. A mag dus 'n effek hê op B wat weer op sy beurt 'n effek het op A, wat weer vir B kan beïnvloed, met 'n "... *continuous loop of reciprocal influences over time"* as die resultaat daarvan (Germain & Gitterman 1995:7).

Liniêre oorsaak-gevolg verhoudings plaas dus die klem daarop dat as 'n gebeurtenis plaasvind of 'n faktor betrokke is, 'n voorspelbare *gevolg* die resultaat daarvan is. Die sirkulêre benadering daarenteen, beklemtoon dat die mens nie so voorspelbaar is dat 'n *gevolg* noodwendig na aanleiding van 'n gebeurtenis of die teenwoordigheid van 'n faktor, sal plaasvind nie. Die klem is eerder op die invloed van 'n gebeurtenis op 'n sisteem, die effek wat die gebeurtenis op die suprasisteem het en die aanpassing wat die oorspronklike sisteem dan weer na aanleiding van die effek in die suprasisteem, sal moet maak. Skematies kan die verskil tussen liniêre en sirkulêre perspektiewe waarskynlik soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 1**

**LINIêRE EN SIRKULêRE PERSPEKTIEWE**






CamScanner

Derhalwe word akkoord gegaan met Pardeck (1996:192) wat daarna verwys dat die sirkulêre transaksionele proses die hele aard van die maatskaplikewerkpraktyk herdefinieer deurdat die maatskaplike werker maatskaplike problematiek hiervolgens beskou as *"... a learned pattern that may be understandable responses to a maladaptive social environment."* Die etikettering van 'n kliënt as synde "*emotionally disturbed* ", behoort derhalwe vervang te word met die etiket "*disturbing client* ". Die individu self word dus nie as versteurd bestempel nie, maar as 'n sisteem wat gedragspatrone vertoon wat voortvloei uit 'n oneffektiewe interaksiepatroon met sy ekologie.

### *3.1.2 Gedragskonteks*

Klem word deur Pardeck (1996:192-193) daarop geplaas dat die gedragskonteks 'n belangrike rol speel in die effek wat die ekologie op die individu het, maar dat *"... the environment does not totally determine behavior; the individual also influences the environment."* Die individu behoort dus nie as patologies of as wanaangepas beskou te word nie, maar as 'n persoon wat in transaksie is met 'n wanfunksionerende maatskaplike omgewing. Maatskaplike disfunksionering behoort derhalwe beskou te word as die resultaat van interaktiewe, resiprokale en dinamiese prosesse tussen die persoon en sy omgewing.

Die gedragskonteks verskaf dus aan die maatskaplike werker essensiële inligting op grond waarvan 'n assessering van maatskaplike problematiek gedoen kan word, aangesien 'n aanduiding verkry word van die wedersyds-beïnvloedende verhoudings tussen die fisiese konteks, individue, tyd en individuele gedrag.

### *3.1.3 Ekosisteem*

Die ekosisteem word gelykgestel aan die mens se eksterne wêreld waarmee kontak gemaak word deur die vyf sintuie. Die benadering is dus gemoeid met die groei, ontwikkeling en potensiaal van mense en met die eienskappe van hul omgewings wat òf die uitdrukking van menslike potensiaal ondersteun, òf nie daarin slaag om dit te ondersteun nie. Die verwagting is *"... to consider human beings within 'the evolutionary, ecologic, and social wholes of which we are parts' "* (Germain & Gitterman 1980:5). As voorbeelde van hierdie veranderende ekologiese of maatskaplike kontekste waarbinne die mens funksioneer, vermeld Pardeck (1996:193-194) die self, gesin, werksomgewing, die groter gemeenskap en enige ander sisteme waarmee 'n individu in interaksie is, met die resultaat dat *"[t]he client's conglomeration of various behavioral settings form the client's ecosystem."* Waarskynlik sou hierby ook gevoeg kon word die mens se interaksie met die natuur, maar ook die interaksie tussen die natuur en die individu.

Die klem word dus in die ekologiese benadering geplaas op die beïnvloedingsprosesse wat plaasvind deur die individu se interaksie met sy omgewing met die doel om die omgewing te verander, maar ook op die omgewing se interaksie met die individu, waarop gereageer moet word. Anders gestel, is die klem op die wedersydse beïnvloedingsprosesse wat plaasvind tussen sowel die individu en die omgewing, as tussen die omgewing en die individu. Voorts is aanpassing en verandering by die individu, derhalwe die resultaat van die individu se transaksie met sy hele ekologie. Nie alleen die eienskappe van die individu of dié van sy ekologie nie, maar die transaksionele raamwerk wat onder andere ook individuele en ekologiese eienskappe insluit, gee dus aanleiding tot groei, stagnasie of disfunksionering by die individu.

### *3.1.4 Gesondheid* versus *individuele patologie*

Die mening van Hoffmann (1987:230) is dat 'n ekologiese benadering 'n denkraamwerk voorsien waarvolgens menslike behoeftes en probleme beskou word as die resultaat van transaksies tussen mense en hul omgewings. Sodanige benadering is 'n meer benutbare praktykmetafoor as die mediese siektemetafoor, wat neig om probleme en behoeftes voor die deur van die individu alleen te lê. Voorts word 'n nie-liniêre oorsaaklikheidskonsep voorsien, *"... locating it in the interface between person and environment, i.e. in transaction, which denotes systems in process with systems, where cause and effect*



CamScanner

*are so integrally related that no entity can be located as the first or the final cause"* (Hoffmann 1987:230-231). Derhalwe is Pardeck (1996:190) van mening dat in teenstelling met 'n mediese siektemetafoor, *"[a] health orientation is stressed that focuses on the whole person, not on individual pathology."*

Die ekologiese benadering laat dus die klem verskuif weg van 'n liniêre denkraamwerk, na 'n sirkulêre kousaliteitsperspektief waar nie die individu of die omgewing alleen vir die *veroorsaking* van maatskaplike problematiek verantwoordelik gehou word en dus as *siek* beskou word nie, maar waar gefokus word op die interaksie en wedersydse beïnvloeding wat plaasvind tussen interverweefde sisteme; dus op *gesondheid* van die mens en nie op patologie nie.

### 3.2 Die ekologiese sisteem

Die Amerikaanse sielkundige, Jurie Bronfenbrenner, het na aanleiding van die ekologiese benadering, sy sogenaamde ekologiese model van menslike ontwikkeling gedurende 1974 bekendgestel. Die doel met hierdie ontwikkeling, was om 'n holistiese perspektief ten opsigte van die menslike ontwikkelingsproses en die verskillende ekologiese sisteme waarmee in wisselwerking getree word tydens hierdie proses, uiteen te sit (Bronfenbrenner 1974:1-4). In sy ekologiese model, was vier konsepte sentraal, te wete die mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem en die makrosisteem (Bronfenbrenner 1977:514-515). Elk van hierdie konsepte word kortliks verduidelik, ten einde 'n agtergrond daar te stel vir die aanpassings wat deur Belsky (1980:320-335) en Carlson (1984:571-579) ten opsigte van die oorspronklike ontledingsvlakke gedoen is en wat hier benut word vir 'n ekologiese analise van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings.

#### *3.2.1 Vlakke in die ekologiese model*

Elk van die vlakke word toegelig deur onder andere van voorbeelde gebruik te maak, waarna 'n skematiese aanduiding van die oorspronklike ekologiese model aangebied word.

- ***Mikrosisteem***

Die mikrosisteem verwys volgens Bronfenbrenner (1977:514) na die *"... complex of relations between the developing person and environment in an immediate setting containing that person"*, byvoorbeeld sy tuiste, skool of werkplek. Hierdie *"setting"* word beskryf as 'n plek met spesifieke fisiese kenmerke waarin die mens bepaalde aktiwiteite (spesifiek rolle soos dié van dogter, ouer, onderwyser, werknemer ensovoorts) binne bepaalde tydsperiodes uitvoer (Bronfenbrenner 1977:514). Die verhoudings wat bestaan tussen 'n persoon en sy onmiddellike fisiese omgewing, byvoorbeeld 'n vrou se verhouding met haar gesinsisteem waar sy die rol van moeder vervul, 'n man se verhouding met sy werksomgewing waar hy 'n werknemer is en 'n kind se verhouding met sy onderwyser waar hy in die rol van 'n leerder is, is dus voorbeelde van die individu se mikrosisteem.

- ***Mesosisteem***

Die verhoudings binne die onmiddellike omgewing van 'n individu op enige tydstip in sy/haar lewe, word die mesosisteem genoem. Tipiese faktore in die individu se mesosisteem, sluit in interaksie met die gesin, die portuurgroep, kerk en met die werkplek. Die mesosisteem is dus 'n sisteem van mikrosisteme (Bronfenbrenner 1977:515). Waar die mikrosisteem bestaan uit die verhouding tussen die individu en sy onmiddellike omgewing waarbinne bepaalde rolle vervul word, verwys die mesosisteem dus na al die verhoudings wat in die onmiddellike omgewing van die individu bestaan. 'n Vrou se mesosisteem sou dus byvoorbeeld kon insluit haar verhouding met haar man, kinders, ouers, skoonouers en werkgewer.

- ***Eksosisteem***

'n Uitbreiding van die mesosisteem, is die eksosisteem wat formele en informele maatskaplike strukture insluit, *"... that do not themselves contain the developing person but impinge upon or encompass the immediate settings in which that person is found, and thereby influence, delimit, or even determine what goes on there"* (Bronfenbrenner 1977:515). Om hierdie rede word die werksomgewing, woonbuurt, die



CamScanner

massamedia, plaaslike en nasionale regeringsinstellings, die verspreiding van goedere en dienste en informele maatskaplike netwerke hierby ingesluit. Klem word derhalwe geplaas op breër maatskaplike strukture as bloot die individu se onmiddellike omgewing en die invloed wat hierdie strukture uitoefen op die aktiwiteite binne die betrokkene se onmiddellike omgewing.


- ***Makrosisteem***

*"[T]he overarching institutional patterns of the culture or subculture, such as the economic, social, education, legal and political systems, of which micro-, meso-, and exosystems are the concrete manifestitations"* word na verwys as die makrosisteem (Bronfenbrenner 1977:515). Hierdie makrosisteme word nie alleen as strukture beskou nie, maar ook as draers van inligting en ideologieë wat sowel eksplisiet as implisiet, betekenis en motivering aan sekere instansies, maatskaplike netwerke, rolle, aktiwiteite en hulle wederkerige verhoudings bied (Bronfenbrenner 1977:515). Die makrosisteem beïnvloed dus die lewe van 'n individu deur 'n kultuur of subkultuur daar te stel waarbinne die eksosisteem, die mesosisteem en die mikrosisteem funksioneer.

Skematies sou die onderskeid tussen die vlakke in die oorspronklike ekologiese model, waarskynlik soos volg aangedui kon word:

**FIGUUR 2**

**VLAKKE IN DIE OORSPRONKLIKE EKOLOGIESE MODEL**




### *3.2.2 Vlakke in die ekologiese ontledingsisteem*

Betekenisvolle aanpassings is aan die oorspronklike ekologiese model van Bronfenbrenner gemaak deur Belsky (1980:320-335) en Carlson (1984:571-579). Vanuit hulle aanpassings, het 'n sogenaamde

ekologiese ontledingsisteem ontwikkel wat bestaan uit vier ekologiese ontledingsvlakke, te wete die individuele, gesins-, sosiaal-strukturele en sosio-kulturele vlakke. In die mikrosisteem sluit die ontledingaspekte die individue, te wete die slagoffer en die geweldenaar se persoonlikheidseienskappe en elkeen se persoonlike geskiedenis in. Die mesosisteem omring hierdie mikrosisteem en sluit in die onmiddellike sosiale konteks waarbinne die geweld voorkom, met ander woorde die gesinsisteem en die interaksionele dinamika daarvan. Sowel die mikrosisteem as die mesosisteem word omsluit deur die ekso- en makrosisteme, wat sosiaal-strukturele en sosio-kulturele faktore insluit. Op die sosiaal-strukturele vlak word gefokus op ekonomiese realiteite en beskikbare hulpverleningsdienste in die konteks waarbinne die betrokkenes sigself bevind, terwyl die sosio-kulturele vlak meer abstrakte elemente soos heersende kulturele waardes insluit (Carlson 1984:570; Carlson 1997:80). Die vlakke beïnvloed mekaar wedersyds deur middel van 'n sirkulêre interaksionele proses. Aspekte wat spesifiek ten opsigte van geweld teenoor vroue verreken behoort te word by die analise van elkeen van hierdie vlakke, word vervolgens aangedui.

- ***Individuele vlak***

Volgens Carlson (1984:571-574) behoort analise op die individuele vlak minstens die volgende aspekte ten opsigte van sowel die man as die vrou in die gewelddadige verhouding, in te sluit:

- Persoonlike houdings en waardes, wat onder andere ook vanuit die betrokkenes se gesinne-van-oorsprong oorgedra is. In hierdie verband verdien die besprekings van Martin *et al.* (1995:399-411) en Henning *et al.* (1996:35-51) ten opsigte van beïnvloeding vanuit die betrokkenes se gesinne van oorsprong, waarskynlik vermelding.
- Persoonlike bronne, vaardighede, vermoëns en onvermoëns. Navorsing deur Straus en Yodanis (1996:837) oor die invloed van beroepstatus, inkomste en opvoedingsvlak op gewelddadige gedrag en Babcock, Waltz, Jacobson en Gottman (1993:41) se bevindinge oor gebrekkige kommunikasie- en selfhandhawingsvaardighede by manlike geweldenaars, dien as betekenisvolle bronne in hierdie verband.
- Elke betrokkene se persoonlike swakhede, probleme en patologieë. So byvoorbeeld verwys NiCarthy (1984:11) en Van der Hoven (1992:78) na *masochisme* en *narsisme* by vroulike slagoffers van geweld, terwyl Van der Hoven (1992:78) en Bennett (1995:765) melding maak van *passief-aggressiewe*, *obsessief-kompulsiewe*, *paranoïde, afhanklike, antisosiale en grenspersoonlikheidsversteurings, sadisme* en *narsisme* as psigopatologieë van manlike geweldenaars.
- Die betrokkenes se unieke subjektiewe belewenisse soos byvoorbeeld skaamte, afhanklikheid, magteloosheid, skok en verlammende vrees by vroulike slagoffers (Carlson & Nidey 1995:132-149; Wolhuter 1996:152) en jaloesie, agterdog, vrees, stres en depressie by manlike geweldenaars (Maiuro, Cahn, Vitaliano, Wagner & Zegree 1988:17).

Die persoonlikheidstrukture en -dinamika van elke individu wat betrokke is in die gewelddadige verhouding, behoort dus ontleed te word vir die doeleindes van verkenning en beskrywing van geweld teenoor vroue. Tot hierdie aspekte wat Carlson (1984:571-574) vermeld behoort waarskynlik ook die volgende aspekte eksplisiet gevoeg te word, wanneer 'n ontleding vanuit 'n ekologiese benadering gedoen word:

- Die kognitiewe prosesse van die betrokkenes, byvoorbeeld ontkenning en selfblaam (Hoff 1990:47), rasionalisering (Ferraro & Johnson 1983:328-331) en probleme met besluitneming (Goodman, Dutton & Harris 1995:468) by die vrou en reputasieverdediging (Levinson 1989:82), 'n strewe na mag en beheer (Maiuro *et al.* 1988:17), die handhawing van *sy* orde (Babcock *et al.* 1993:41) en minimalisering en projeksie (Johnson 1995:288) by die manlike geweldenaar,
- die beïnvloeding van die persoonlikheidstruktuur en -dinamika deur die ekologie (gesin en gemeenskap) waarbinne die betrokkenes funksioneer, maar ook
- die beïnvloeding deur die betrokke individue ten opsigte van hulle ekologiese konteks.



CamScanner

Alleen deur die toevoeging van laasgenoemde twee aspekte, kan waarskynlik voorkom word dat vasgeval word in die ontleding van liniêre oorsaak-gevolg verhoudings en kan beweeg word na 'n meer holistiese, sirkulêre kousaliteitsperspektief waar die ekologiese beïnvloeding verreken word.

- ***Gesinsvlak***

Hoofsaaklik drie faktore word deur Carlson (1984:574-576) uitgesonder as aspekte wat geanaliseer moet word op die gesinsvlak:

- Die gesinstruktuur, met spesifieke verwysing na die rolle van elke gesinslid en die aard van sowel die individuele as die gesinsisteem se grense. In hierdie verband verdien besprekings deur Van der Hoven (1992:79) oor 'n rigiede gesagshiërargie, aanduidings van rigiede of vae subsisteemgrense tussen die betrokkenes deur Rosenbaum, Cohen en Forsstrom-Cohen (1991:46) en Kilpatrick en Lockhart (1991:611) se besprekings oor rigiede gesinsisteemgrense wat aangetref word in geweldgekenmerkde gesinsisteme, vermelding.
- Interaksionele dinamika in die gesinsisteem, met die hoofklem op gesinskommunikasie, wedersydse beïnvloeding en patrone van konflikhantering. Kenmerkende transaksionele patrone in geweldgekenmerkde gesinsisteme word byvoorbeeld verduidelik deur Ammerman en Hersen (1990:7) en Babcock *et al.* (1993:42).
- Gesin-van-oorsprong beïnvloeding, waar die klem geplaas word op invloede wat multigeneratief oorgedra word, soos byvoorbeeld aangedui in die werke van Martin *et al.* (1995:399-411) en Henning *et al.* (1996:35-51).

Die fokus is derhalwe op die struktuur en die unieke dinamika van die gesinsisteem waarbinne die geweld voorkom. Ten opsigte van die gesinstruktuur, behoort waarskynlik ook minstens 'n ontleding van die verskillende subsisteme (Minuchin 1985:52), gesinsreëls (Holman 1983:29), van die aard van die gesinsisteem se ekwilibrium (Compton & Galaway 1994:123) en die mate waartoe die doel van die gesinsisteem verwesenlik word (Scott 1987:197), plaas te vind. Ook sou 'n ontleding van die fase in die gesinslewensiklus (Duvall & Miller 1985:60-61) en die mate waartoe die gesinsisteem daarin slaag om sy gesinsontwikkelingstake wat gekoppel is aan elke fase uit te voer, waarskynlik tot 'n meer holistiese gesinsvlakontleding, kon bydra.

- ***Sosiaal-strukturele vlak***

Die sosiaal-kulturele vlak, omsluit volgens Carlson (1984:576-578) die volgende aspekte:

- Ekonomiese realiteite, byvoorbeeld werkloosheid en armoede. Insiggewende besprekings deur Carlson en Nidey (1995:137) en Pearson en Griswold (1997:27) oor armoede, ekonomiese wanbesteding, ongeletterdheid, werkloosheid en die wanbalans in die verspreiding van lewensmiddele tussen verskillende kultuurgroeperings, as bydraende en instandhoudende faktore tot geweld, verdien hier vermelding.
- Polisiëring en regsprosedures. Die reaksie van die polisiediens ten opsigte van geweldpleging teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings word sowel nasionaal deur Fredericks en Davids (1995:483), Jagwanth (1995:3) en Fedler (1995:246), as internasionaal deur Hoff (1990:102) as negatief bestempel, terwyl besprekings oor die negatiewe en onproduktiewe reaksies van regspraktisyns in Suid-Afrika deur Fredericks en Davids (1995:484-485) aangebied word en Humphreys en Findlater (1993:360) dieselfde reaksies buite die Suid-Afrikaanse grense beskryf.

Die sosiaal-strukturele ontledingsvlak omsluit derhalwe meer formele strukture en realiteite wat waarskynlik empiries makliker meetbaar en verifieerbaar sou kon wees. By die drie aspekte van Carlson (1984:576-578), behoort moontlik ook gevoeg te word;

- die beskikbaarheid van dienslewerende strukture en instansies vir sowel die geweldenaars as die slagoffers van die geweld (vgl. Angless & Shefer 1995:305; Abrar 1996:194) en
- voorkomende wetgewing, inisiatiewe en programme ten opsigte van diskriminasie en geweld teenoor vroue, byvoorbeeld die Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993), die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), die



CamScanner

Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998), die daarstel van die spesiale *Kommissie oor Geslagsgelykheid* en die *Menseregte Kommissie,* die *Women's Charter of South Africa* en die regering se ondertekening van die *Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women* (NIPILAR 1996:2).


- ***Sosio-kulturele vlak***

Die sosio-kulturele ontledingsvlak sluit twee aspekte in, naamlik samelewingsnorme en kulturele waardes, waaronder aspekte soos seksisme, geslagsrolstereotipering, die algemene aanvaarding van geweld en algemeen-geldende norme ten opsigte van gesinslewe, as voorbeelde genoem word (Carlson 1984:578-579). Hierdie ontleding is dus gemoeid met minder sigbare en waarskynlik empiries moeiliker toetsbare waardes en norme wat 'n invloed uitoefen op maatskaplike strukture, gesinne en individue. Waarskynlik behoort by Carlson (1984:578-579) se gemelde aspekte, ook gevoeg te word die rol van godsdienstige instellings in die daarstel van 'n sosio-kulturele omgewing vir die ontwikkeling en instandhouding van geweld teenoor vroue (Klopper 1993:22-23) en die sosialiseringsproses waartydens hierdie sosio-kulturele aspekte vasgelê en geïnternaliseer word deur individue (White & Sorenson 1992:191).

Samevattend, kan die vlakke in die ekologiese ontledingsisteem soos volg aangedui word.

**FIGUUR 3**

**EKOLOGIESE RAAMWERK VIR DIE ANALISE VAN AANLEIDENDE EN INSTANDHOUDENDE FAKTORE TOT GEWELD TEENOOR VROUE**




(Carlson 1984:571).



CamScanner

### 3.3 Evaluering van die ekologiese benadering

Die benutting van die ekologiese vlakke tydens die ontleding van 'n maatskaplike verskynsel, hou etlike voordele vir die maatskaplikewerkprofessie in, waarvan die volgende aspekte vermelding verdien:

- 'n Sirkulêre kousaliteitsperspektief waarvolgens 'n verskeidenheid faktore op verskillende vlakke 'n invloed uitoefen op 'n verskynsel, word moontlik gemaak (Carlson 1984:570 en 579; Hoffmann 1987:230).
- 'n Integrasie van bestaande kennis ten opsigte van 'n verskynsel kan plaasvind deurdat 'n verskeidenheid faktore op verskillende ontledingsvlakke, maar ook die interaksie tussen die vlakke, verreken kan word (Carlson 1984:579; Hoffmann 1987:230).
- 'n Verskynsel kan ontleed word binne 'n bepaalde tydskonteks, maar ook oor die verloop van 'n aantal jare, met die resultaat dat 'n longitudinale perspektief daargestel kan word (Carlson 1984:579; Small & Luster 1994:183).
- Die vermoë om te onderskei tussen faktore wat aanvanklik aanleiding gee tot 'n verskynsel, maar ook faktore wat bydra tot die instandhouding daarvan, word moontlik gemaak (Carlson 1984:579).
- 'n Meer omvattende, holistiese en multidimensionele beskrywing van 'n verskynsel kan gedoen word (Howard & Johnson 1985:483; Hoffmann 1987:236; Fukurai & Alston 1992:259).
- 'n Meer betekenisvolle passing (*"fit"*) tussen die individue wat ly as 'n resultaat van 'n maatskaplike verskynsel/gebeurtenis en die beskikbare hulpbronne in die ekosisteem, word moontlik gemaak (Freeman 1984:287).
- Sowel aspekte vir intervensie as vir die voorkoming van 'n maatskaplike verskynsel, kan na aanleiding van die ontleding afgelei en toegepas word (Howard & Johnson 1985:483).
- 'n Wegbeweging ten opsigte van die mediese model van individuele patologie wat genees moet word, na 'n ontleding van die uitkomste van die transaksies tussen individue en hulle ekologiese kontekste, word moontlik gemaak (Small & Luster 1994:182; Pardeck 1996:190).
- Die klem word geplaas op groei en ontwikkeling en die bereiking van doelstellings ten opsigte van 'n verskeidenheid sisteme in interaksie (Pardeck 1996:190).
- Assessering van kliënte (individue, groepe, gesinne en gemeenskappe) se problematiek kan op verskeie vlakke plaasvind, met meer effektiewe, geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening as die resultaat daarvan (Carlson 1997:83-88).

Die ontleding van 'n maatskaplike verskynsel deur die benutting van die verskillende vlakke in die ekologiese ontledingsisteem, impliseer dus vir die maatskaplikewerkprofessie nie alleen 'n uitbouing van die bestaande kennisraamwerk nie, maar ook die beklemtoning van geïntegreerde maatskaplikewerkhulpverlening deur middel van die primêre maatskaplikewerkmetodes.

Tog slaag die benadering nie daarin om faktore wat in 'n meerdere of mindere mate aanleidend is en omstandighede waarin sekere faktore meer aanleidend is as ander, te onderskei nie. Die leemte is dat nadat inhoudelike faktore van elk van die ekologiese ontledingsvlakke geïdentifiseer is, geen direkte gewig aan elke aspek gekoppel word nie, terwyl dieselfde faktor waarskynlik in verskillende kontekste verskillende gewigte sal dra.

## 4. SLOT

'n Ekologiese benadering blyk dus 'n benutbare konseptuele raamwerk te wees vir die analise van sowel vermeend aanleidende as instandhoudende faktore ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Deur beskikking oor sowel die primêre (gevallewerk, maatskaplike groepwerk en gemeenskapswerk en -ontwikkeling) as die sekondêre maatskaplikewerkmetodes (navorsing, bestuur, supervisie en opleiding), kan die maatskaplikewerkprofessie unieke bydraes lewer ten opsigte van



CamScanner

voorkoming (deur middel van verrykings- en ontwikkelingsprogramme), behandeling (terapeutiese dienslewering gerig op rehabilitering en hulpbronontwikkeling), voortgesette navorsing, beleidsbeïnvloeding en waar nodig, statutêre intervensies met betrekking tot geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings. Vanuit hierdie paradigma, behoort maatskaplikewerkhulpverlening ten opsigte van geweld teenoor vroue in saamwoon- en huweliksverhoudings, gerig te word op elk van die vlakke van die ekologiese ontledingsisteem. Vanweë die sirkulêre interaksionele beïnvloedingsprosesse, behoort 'n intervensie op enigeen van die ekologiese ontledingsvlakke tot 'n mindere of meerdere mate 'n invloed uit te oefen op die ander vlakke. Sodoende kan 'n holistiese, geïntegreerde, sirkulêre hulpverleningsbenadering ten opsigte van dienslewering aan die geweldenaar, slagoffer (en hulle kinders) en met betrekking tot geweld as 'n samelewingsverskynsel, gehandhaaf word.

**BRONNELYS**


ABRAR, S 1996. Feminist intervention and local domestic violence policy. **Parliamentary Affairs**, 49 (June):191-205.

AMMERMAN, RT & HERSEN, M (eds) 1990. Issues in the assessment and treatment of family violence. **Treatment of family violence: A sourcebook.** New York: John Wiley and Sons.

ANGLESS, T & SHEFER, T 1995. Survivors of woman abuse: A support group experience. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 31(4):305-310.

ARON, LY & OLSON, KK 1997. Efforts by child welfare agencies to address domestic violence. **Public Welfare**, Summer:4-13.

BABCOCK, JC; WALTZ, J; JACOBSON, NS & GOTTMAN, JM 1993. Power and violence: The relation between communication patterns, power discrepancies, and domestic violence. **Journal of Consulting and Clinical Psychology**, 61(1):40-50.

BELSKY, J 1980. Child maltreatment: An ecological analysis. **American Psychologist**, 35(1):320-335.

BENNETT, LW 1995. Substance abuse and the domestic assault of women. **Social Work**, 40(6):760-771.

BRONFENBRENNER, U 1974. Experimental human ecology: A reorientation to theory and research on socialization. Paper presented as an invited address at the meeting of the American Psychological Association. New Orleans. August.

BRONFENBRENNER, U 1977. Toward an experimental ecology of human development. **American Psychologist**, 31(1):513-531.

CARLSON, BE 1984. Causes and maintenance of domestic violence: An ecological analysis. **Social Services Review**, 58(4):569-587.

CARLSON, BE 1997. Mental retardation and domestic violence: An ecological approach to intervention. **Social Work**, 42(1):79-89.

CARLSON, C & NIDEY, FJ 1995. Mandatory penalties, victim cooperation, and the judicial processing of domestic abuse assault cases. **Crime and Delinquency**, 41(1):132-149.

COMPTON, BR & GALAWAY, B 1994. **Social work processes** (5th ed). California: Brooks/Cole.

DELPORT, CSL 1984. 'n Evaluering van die effektiwiteit van die gemeenskapswerkmodel van Hugo, Schoeman en Engelbrecht binne 'n funksionerende gemeenskap. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M tesis).

DUVALL, EM & MILLER, BC 1985. **Marriage and family development** (6th ed). Cambridge: Harper and Row.




CamScanner

FEDLER, J 1995. Lawyering domestic violence through the Prevention of Family Violence Act 1993: An evaluation after a year in operation. **The South African Law Journal**, 112(2):231-251.

FERRARO, KJ & JOHNSON, JM 1983. How women experience battering: The process of victimization. **Social Problems**, 30(3):325-339.

FREDERICKS, IN & DAVIDS, LC 1995. The privacy of wife abuse. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg/The South African Law Journal**, 3(2):471-492.

FREEMAN, EM 1984. Multiple losses in the elderly: An ecological approach. **Social Casework: The Journal of Contemporary Social Work**, 65(5):287-297.

FUKURAI, H & ALSTON, JP 1992. Ecological determinants of divorce: A structural approach to the explanation of Japanese divorce. **Social Biology**, 39(3/4):257-277.

GERMAIN, CB & GITTERMAN, A. 1980. **The life model of social work practice.** New York: Columbia University Press.

GERMAIN, CB & GITTERMAN, A. 1995. **The life model of social work practice: Advances in theory and practice** (2nd ed). New York: Columbia University Press.

GERMAIN, CB 1979. **Social work practice: People and environments - an ecological perspective.** New York: Columbia University Press.

GOODMAN, LA.; DUTTON, MA. & HARRIS, M 1995. Episodically homeless women with serious mental illness: Prevalence of physical and sexual assault. **American Journal of Orthopsychiatry**, 65(4):468-478.

HENNING, K; LEITENBERG, H; COFFEY, P; Turner, T & BENNETT, RT 1996. Long-term psychological and social impact of witnessing physical conflict between parents. **Journal of Interpersonal Violence**, 11(1):35-51.

HILLERY, GA 1972. **Communal organizations - A study of local societies.** New York: The Free Press.

HOFF, LA 1990. **Battered women as survivors.** London: Routledge.

HOFFMANN, W 1987. An ecological perspective in social service provision to persons with physical disabilities. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 23(4):230-237.

HOLMAN, AM 1983. **Family assessment: Tools for understanding and intervention.** Beverley Hills: Sage.

HOWARD, TU & JOHNSON, FC 1985. An ecological approach to practice with single-parent families. **Social Case Work: The Journal of Contemporary Social Work**, 66(8):482-489.

HUMPHREYS, WO & FINDLATER, JE 1993. The nurse and the legal system: Dealing with abused women. **In**: CAMPBELL, J & HULPHREYS, J (eds) **Nursing care of survivors of family violence.** St. Louis: Mosby.

JAGWANTH, S 1995. The Prevention of Family Violence Act, 1993: A feminist critique. **South African Journal of Ciminal Justice**, 8(1):1-11.

JOHNSON, MP 1995. Patriarchal terrorism and common couple violence: Two forms of violence against women. **Journal of Marriage and the Family**, 57 (May):283-294.

JONES, A 1987. The violence of materialism and advanced industrial society: An eco-sociological approach. **Sociological Review**, 35(February):19-47.

KILPATRICK, AC & LOCKHART, LL 1991. Studying sensitive family issues: Problems and possibilities for practitioners. **Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services**, 72(10):610-617.



CS CamScanner

KLOPPER, F 1993. Postmoderne feminisme: Verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. **Theologia Evangelica**, 16(2):17-24.

LAMB, S & KEON, S 1995. Blaming the perpetrator: Language that distorts reality in newspaper articles on men battering women. **Psychology of Women Quarterly,** 19(June):209-220.

LEVINSON, D 1989. **Family violence in cross-cultural perspective.** Newbury Park: Sage.

MAIURO, RD; CAHN, TS; VITALIANO, PP; WAGNER, BC & ZEGREE, JB 1988. Anger, hostility, and depression in domestically violent versus generally assaultive men and nonviolent control subjects. **Journal of Consulting and Clinical Psychology**, 56(1):17-23.

MARTIN, SL; COTTEN, NU; BROWNE, BK: KURTZ, B & ROBERTSON, E 1995. Family violence and depressive symptomatology among incarcerated women. **Journal of Family Violence,** 10(4):399-411.

MINUCHIN, S 1985. **Families and family therapy.** London: Tavistock.

NATIONAL INSTITUTE FOR PUBLIC INTEREST LAW AND RESEARCH 1996. **The United Nations convention on the elimination of all forms of discrimination against women (CEDAW): CEDAW in South Africa.** Pretoria: Taj.

NiCARTHY, G 1984. **Talking it out: A guide to groups with abused women.** Detroit: New Seal.

ODENDAL, FF; SCHOONEES, PC; SWANEPOEL, CJ; DU TOIT, SJ & BOOYSEN, CM 1981. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Johannesburg: Perskor.

PARDECK, JT 1996. An ecological approach for social work intervention. **Family Therapy**, 23(3):189-198.

PEARSON, J & GRISWOLD, EA 1997. Child support policies and domestic violence. **Public Welfare**, 104(Winter):26-32.

PENCE, E 1984. Response to Peter Nerdig's article on spouse abuse. **Victomology**, 3(4):477-482.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA 1994. Beijing Conference Report: **Country report on the status of South African women.** Pretoria: Government Printer.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1993. Vierde Algemene Regswysigingswet (Wet 132 van 1993). Pretoria: Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). Pretoria: Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1996. Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. Pretoria: Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 1998. Wet op Gesinsgeweld (Wet 116 van 1998). Pretoria: Staatsdrukker.

RODWAY, MR 1986. Systems theory. **Social work treatment: Interlocking theoretical approaches.** TURNER, FJ (ed). (3rd ed) New York: The Free Press.

ROSENBAUM, A; COHEN, P & FORSSTROM-COHEN, B 1991. The ecology of domestic aggression toward adult victims. **In**: AMMERMAN, RT & HERSEN, M (eds) **Case studies in family violence.** New York: Plenum.

RUSSELL, M 1988. Wife assault theory, research and treatment: A literature review. **Journal of Family Violence**, 3(3):193-208.

SCOTT, MM 1987. Hulpverlening aan die vroulike enkelouer en haar kind(ers): 'n Maatskaplikewerk-perspektief. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat (M tesis).

SENTRALE STATISTIEKDIENS 1997. Telefoononderhoud met 'n verteenwoordiger van die Sentrale Statistiekdiens (Suid-Afrika). Pretoria: 8 Desember.

SHAIK, F & PARK, YJ 1997. The fight against violence against women in South Africa. **Lola Press: International Feminist Magazine**, 8 (November 1997 - April 1998):6.

SMALL, SA & LUSTER, T 1994. Adolescent sexual activity: An ecological, risk-factor approach. **Journal of Marriage and the Family**, 56(1):181-192.

SOMMERS, I & BASKIN, DR 1993. The situational context of violent female offending. **Journal of Research in Crime and Delinquency**, 30(2):136-162.

STRAUS, MA & YODANIS, CL 1996. Corporal punishment in adolescence and physical assaults on spouses in later life: What accounts for the link? **Journal of Marriage and the Family**, 58(November):825-841.

STRAUS, MA 1991. Discipline and deviance: Physical punishment of children and violence and other crime in adulthood. **Social Problems**, 38(2):133-154.

VAN DER HOVEN, AE 1992. Vrouemishandeling: Enkele gesigspunte oor die verklaring daarvan. **Acta Criminologica**, 5(2):77-83.

VETTEN, L 1994. **"Man shoots wife": A pilot study detailing intimate femicide in Gauteng, South Africa.** Johannesburg: POWA.

VON BERTALANFFY, L 1968. **General systems theory.** New York: Braziller.

WHITE, JB & SORENSON, SB 1992. A sociocultural view of sexual assault: From discrepancy to diversity. **Journal of Social Issues**, 48(1):187-195.

WOLHUTER, L 1996. Excuse them though they do know what they do - the distinction between justification and excuse in the context of battered women who kill. **South African Journal of Criminal Justice/Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregpleging**, 9(2):151-166.

WOOD, K; MAFORAH, F & JEWKES, R 1996. **Sex violence and constructions of love among Xhosa adolescents: Putting violence on the sexuality education agenda.** Pretoria: Medical Research Council.




CamScanner